**Skriflesing: Daniël 1**
**Tema: Laat toe dat God, deur jou, die wêreld verander.**

Stel jouself voor jy is 'n tienerseun van so 15 jaar. Julle is vasgekeer. Jul stad word deur 'n wrede heidense vyand omring. Uiteindelik breek die vyand deur. Oral is daar chaos, geweld en dood. Jou wêreld stort inmekaar.

Vir 800 km stap julle in kettings na 'n vreemde land en stad met vreemde gewoontes. Jy en die slimste en vaardigste van jou vriende word eenkant gehou. Daar word vir 3 jaar probeer om jou te breinspoel en jou soos die vyand te maak. Jy moet die vyand se taal jou eie maak, jy moet soos hulle aantrek, hulle eetgewoontes aanleer en voor hulle god buig.
Daniël en sy vriende se name bevat almal elemente van die Godsname van Israel. Daniël en Misael eindig op el vir Elohim wat God beteken. Gananja en Asarja se name eindig op ja vir Jahwêh of Here. Daniël beteken: "God is my regter"; Misael beteken: " Wie is soos God?"; Gananja: "Die Here is genadig" en Asarja: "Die Here help".

Hulle name word verander en bevat waarkynlik almal elemente van Babiloniese gode. Van Daniël se nuwe naam, Beltsasar, sê Nebukadneser in Dan 4:8: "Daniël, genoem Beltsasar, na die naam van my god."

Daniël hulle moet anders wees. Hulle moet alles waarmee hulle grootgemaak is, prysgee. Hulle moet Babiloniërs word. Hulle waardes word verneder, hulle drome lê aan skerwe. Dit is Daniël en sy vriende se verhaal.

Maar is dit nie maar ons verhaal ook nie? Ek en jy en die 11 jongmense wat belydenis van geloof aflê, leef in 'n tyd waarin Christenwees nie meer die in-ding is nie. Was Christenwees ooit die in-ding? Elke dag probeer die wêreld ons in sonde vasvang of nog erger, hulle wat nie toegewyde kinders van die Here is nie, probeer om ons soos hulle te maak. Dit is 'n skuif wat geleidelik plaasvind. Die Babiloniërs het vir 3 jaar probeer om Daniël en sy 3 vriende te verander. Ons moet leer om te praat soos hulle praat. Ons word gebreinspoel om te maak soos hulle maak. Ons word uitgedaag om dieselfde videos as hulle te kyk en op die dieselfde manier as hulle partytjies te hou. Ons begin soos hulle handel dryf. Niks word meer meer gedoen sonder 'n bietjie geld onder die tafel deur nie. En so kan ek aangaan.
Die 11 jongmense wat vanoggend belydenis aflê, beleef hierdie dinge. En dié druk van die wêreld gaan net nog groter word. Hoe gaan ons dit regkry om vir die Here te vas en op te staan in 'n deurmekaar wêreld?
Vir 60 jaar het Daniël in verskillende koningshuise die Here in 'n vreemde en vyandige land gedien sonder om sy geloof prys te gee.

Hoe het hy dit reggekry? Sy geloof was in die Here. By hom sien ons dat geloof 'n hart-, kop- en hand-ding is.

**Geloof is 'n hart-ding.**
Hy het in geloof alles aan God oorgegee. En God rus vir hom toe. Die krag en wysheid vir die tyd waarin ons leef kom nie uit onsself nie. Dit is 'n geskenk van die God. Ons lees in Daniël 1:17 "God het aan hierdie vier jongmanne verstand gegee en insig in alles wat geskryf is, en ook wysheid."

Daniël het in biddende afhanklikheid van die Here geleef. Soos sy gewoonte was het hy drie maal op 'n dag tot die Here gebid.

En hy en sy vriende het gefokus op die Here. Dit sal nie altyd maklik gaan met jou as kind van die Here nie. Maar kind-van-die-Here-wees, gaan nie oor jou nie. Hoor wat bely Daniël se drie vriende voor Nebukadneser voor hulle in die brandende vuuroond gegooi word:
Dan 3:17-18: " [17]Ons het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag. [18]Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie, die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal aanbid nie."

**Geloof is 'n kop-ding**
Dit is om te weet God is in beheer. Nebudkadneser plaas die tempelgereedskap in sy heidense god se tempel. Daarmee wil hy wys dat hy glo dat sy god, Marduk, sterker is as die God van Israel.

Tog lees ons in Daniël 1:2: "Die Here het vir koning Jojakim oorgegee in Nebukadneser se mag..." In Daniël 1:9 lees ons: "God het die hoofpaleisbeampte gunstig en simpatiek gestem teenoor Daniël."

Ek is redelik seker daarvan dat Nebukadneser en amptenaar, Aspenas, nie geweet het dat God in beheer is van al die die dinge wat gebeur nie. Kampusse brand, die land is droog. In 'n verkiesingsjaar gaan ons baie vreemde goed sien gebeur. Daar is baie dinge waarvan ons onseker is, maar een ding is seker en dit is dat God in beheer is.

Al lyk dit nie so rondom ons nie, Hy oefen volle heerskappy oor alles uit, ook oor magtige en korrupte wêreldmagte. En ons weet dat uiteindelik een ryk sal voortbestaan en dit is die koninkryk van God.

Die gevaar is dat ons geloof beperk tot 'n hart- en 'n kop- ding.

**Geloof is ook ' n hand-ding. Dit is 'n manier van lewe.**
Daniël het geleef tot eer van die Here. Ons lees in Daniël 1:8 dat Daniël hom voorgeneem het om hom nie met die koning se kos en wyn, wat aan afgode gewy is, te verontreinig nie. Hy het 'n keuse gemaak om sigbaar anders te leef, te praat en te glo. As die jaloerse ministers en goeweneurs-generaal rede soek om Daniël aan te kla by koning Darius vind hulle dat hy betroubaar is en van geen nalatigheid of onreëlmatigheid beskuldig kan word nie.

Die uiteinde van die vier jongmanne se lewens in geloof aan die Here oorgegee, is dat dit vrug tot Sy eer gedra het.

As Sadrag, Mesag en Abednego uit die oond kom en jy nie eens kan ruik dat hulle in die vuur was nie, vaardig Nebukadneser 'n bevel uit in Dan 3:28-29: [28]"Aan die God van Sadrag, Mesag en Abednego kom die eer toe, Hy wat sy engel gestuur het en sy dienaars gered het. Hulle het op hulle God vertrou en het die koninklike bevel verontagsaam en hulle was bereid om hulle lewe te verloor eerder as om enige god behalwe húlle God te dien of te aanbid.

[29]Daarom vaardig ek 'n bevel uit dat enige persoon, van watter volk, nasie of taalgroep hy ook is, wat met minagting praat oor die God van Sadrag, Mesag en Abednego, in stukke gekap moet word en dat sy huis 'n puinhoop gemaak moet word. Daar is immers geen ander god wat in staat is om so te red nie."

As Daniël sonder 'n letsel aan sy lyf uit die leeukuil stap omdat hy op God vertrou het, lees ons in Dan 6:27-28 die skrywe van Koning Darius aan al die volke, nasies en taalgroepe wat oor die hele wêreld gewoon het: "[27]Ek gee hiermee opdrag dat in my hele koninkryk die God van Daniël gevrees en geëer moet word. "Hy is die lewende God, Hy bestaan vir ewig; Sy koninkryk sal nie vernietig word nie, Sy heerskappy sal nooit eindig nie. [28]Hy red en bevry, Hy doen tekens en wonders in die hemel en op die aarde; Hy het Daniël uit die kloue van die leeus gered."

**Afsluiting**
Geloof is 'n hart oorgegee aan God, dit is 'n kop wat weet Hy is in beheer al lyk dit nie so nie en dit is 'n hand of eerder 'n lewe tot Sy eer.
Wanneer ons so oorgegee aan die Here leef, kry die wêreld nie reg om ons te verander nie. Die teenoorgestelde gebeur. God verander, deur ons, die wêreld rondom ons.
**Amen**